Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 2 #01 13 Januarie 2013

09:30 Oggenddiens

Ds Fanie Coetzee

Tema: God se ewige boodskap vir vandag se geslag

Sing: Ps. 89-1:1,2,17
Geloofsbelydenis Sb.12-2: 1,2 lees, 3,4,5 sing
(Kinderbegeleiding)
Sing: Ps.19-3:5
Skriflesing: Handelinge 13
Teks: Handelinge 13:36-38
Sing: Lied 422:1,2,3
Sing: Sb.5-3:4,5
Amen: Sb.13-3

11:30 English Service

Rev Willem Steyn

Theme: Live in close fellowship with Jesus
Scripture reading: 1 Corinthians 1:1-9 **Focus verse:** 1 Corinthians 1:9

18:00 Aanddiens

Ds Willem Steyn

Tema: 'n Nuwe bril: Jy is vrygemaak om jouself te kan gee

Voorafsang

Tema: In liefde saamgebind

Lied 532:1-3 Ons Vader neem ons hande
Lied 530:1-3 Praat ek mense, eng'letale
Lied 207:1,3,5 Eer aan die Vader

Sing: Sb 1-2: 1,2,3
Skriflesing: Filippense 1:27-2:11
Teks: Filippense 1:27, 2:5
Sing: Ps 25-1:2
Sing: Lied 334: 1,2,3,4
Amen: Sb 13-2

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

Gemeentekamp 2013

Ons is besig om 'n gemeentekamp te reël vir 15 - 17 Maart 2013. **Skryf asb solank die datum in jou kalender!** Indien daar persone of groepe is wat betrokke wil raak by die reëlings kan hulle met Fransa by die kerkkantoor skakel.

BEGROTING 2013/2014

Die Kerkraad het opdrag aan die Finansiële Kommissie (FK) gegee om vroegtydig die begroting vir 2013/2014 voor te berei. Lidmate se aandag word op die volgende gevestig:

1. Inkomste-begroting

Die kerklike bydraes van die lidmate is die belangrikste bron van inkomste van die GK Die Bult. Lidmate moet asb. soos van toepassing per individu of gesin, die beloftevorms vir die volgende finansiële jaar (01-03-2013 – 28-02-2014) voltooi. Hierdie vorms bevat die riglyne vir die kerklike bydraes, en is by u wyksouderling beskikbaar wat dit aan u sal deurgee. U kan die voltooide vorms aan u ouderling teruggee, by die kerkkantoor indien of in die bussies vir bydraes in die kerkgebou plaas. Lidmate wat per aftrekorder bydra word vriendelik versoek om die aftrekorders dienooreenkomstig aan te pas. Let ook daarop dat die vorms nou uitgemaak kan word aan Die Gereformeerde Kerk Die Bult, by ABSA Tomstraat vir rekening nommer 670-264-661, met verwysings na u van en voorletters asook die nommer van u wyk of kleingroep.

2. Uitgawe-begroting

Lidmate wat by enige aksie of program betrokke is waarvoor die Kerkraad finansiële steun gee, moet asb. hulle begrotings so spoedig moontlik, maar nie later as 31 Januarie 2013 nie, aan die Administratiewe Bestuurder by die kerkkantoor deurgee. Sy sal daarvan rekord hou en dit vir die opstel van die begroting aan die kassier deurgee. Dit is belangrik dat hierdie aansoeke duidelik gemotiveer moet wees en moet aansluit by die fokus van die GK Die Bult.

3. Inligting of navrae

Indien u enige verdere inligtinge benodig kan u die kassier (Paul Delicado by 082-574-2204) of die voorsitter van die FK (Carools Reinecke by 082-568-5652) hiervoor skakel.

Liefdegawes by die deure

13 Januarie:
Oggend: Sustentasie
Aand: Meelewing
20 Januarie:
Oggend: Kerklike tydskrifte
Aand: Meelewing
27 Januarie:
Oggend: Teologiese Studentekas
Aand: Gesamentlike Jeugdiens

Teeskinkbeurte

13 Januarie
KG 1 (Anna Fick) & Wyk 1 (Petro vd Vyver)

20 Januarie
KG 2 (Adelle Lotter) & Wyk 3 (Bettie Snyman)

27 Januarie
KG 4 (Fransa Vorster) &
Wyk 4 (Albertje Fouché)

Baie dankie!

Bedankings

Lofprysing: Dankie aan ons God en sy diensknegte!

Ons kan nie anders as om tot God se lof uit te sing nie, want in die afgelope 6 weke het ons eintlik elke oomblik van elke dag Sy groot genade beleef! Dit het ons gesien en gevoel in al die gebede, ondersteuning en meelewing deur al ons lidmate, ander vriende en kinders hetsy of dit was in gesamentlike en individuele gebede, voortdurende besoeke, telefoonoproepe, kos, gesprekke en die krag en genade wat ons elke dag ontvang het. Ons ervaar steeds hoe die Here deur sy Gees 'n ondersteuningsraamwerk om elkeen van ons span of dit met ons goed of sleg gaan. Hierdie ondersteuning het ook wyd uitgekring buite ons gemeente en selfs oor die internasionale grense heen. Weereens 'n bewys van hoe die Here al sy diensknegte gebruik om tot sy lof te sing deur die saambindende krag wat ons verenig as deel van Sy kerk oor die ganse aarde. Daarom wil ons die Here loof vir hierdie groot gawe van die skare van hande wat ons sover gedra het en nog dra. Kom ons loof die Here met Psalm 150:

Loof die Heer en gee Hom ere –
al wat kruip en roer en sweef,
al wat asem het en leef!
Halleluja, loof die Here!

Lou en Hettie van Wyk

Hoe lekker was dit nie om Sondagaand weer die kerkgebou binne te gaan nie. Dit na ses weke van o.a. hospitaal, operasie, ens. Om weer tussen die "familie" te wees, was baie goed. Dit is regtig 'n groot voorreg! Mens voel só tuis en welkom. Toe word ek nog verder verwelkom met drukkies en goeie wense. Daarmee saam nog 'n pragtige ruiker blomme.

Baie dankie vir al die gebede, liefde, ondersteuning en oproepe van soveel persone. Dit word alles opreg waardeer.

Waarlik God is liefde en waar liefde is, daar is God.

Elsimarie Williams

Kom eet vanmiddag

'n hamburger by die G5 sentrum

Ons gaan sommer net lekker saam ontspan vanmiddag! So kom alleen, of bring jou ouers, of dalk jou nuwe rooma. As jy onder die bome 'n middagslapie wil vang is jy welkom (bring net jou eie kombers), of jy kan 'n fliek kyk in die koffiekamer, of jy kan sommer vir oulaas bietjie saam met jou gesin kuier voor hulle teruggaan huistoe. Ons gaan van **11:30** af by die G5 Sentrum wees met hamburgers en drinkgoed – so al wat kort is JY!

G5 KOFFIEKAMER

Die koffiekamer heropen vanaand na die diens asook Woensdagaand vanaf 18:00. Alle lidmate word uitgenooi om 'n draai daar te kom maak.

Verjaarsdae

Vandag, 13 Januarie

Antoinette Olivier
Wyksgroep 33 082-478-2163

Ena Vorster
Wyksgroep 08 082-565-9873

Saterdag, 19 Januarie

Alexia Delicado 7
Wyksgroep 30 018-293-2535

Corlia Ford
Kleingroep 02 082-455-7038

Leon Keet
Wyksgroep 30 018-294-7061

Koos Vorster
Wyksgroep 08 073-186-2057

Bankbesonderhede

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak
670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG

KATKISASIE

Vanoggend begin die Sondagkatkisasie vir alle skoolkinders tot en met Graad 10. Vir die somermaande begin die katkisasie om **8:30** voor die oggenddiens.
Alle hoërskoolkinders het ook op Woensdagmiddae katkisasie. Graad 8 en 9 asook Graad 10 om 14:30 en die belydenisklas om 15:15. Dit sal DV op 23 Januarie begin omdat Gimmies die week hulle huisatletiek het.

Welkom hier!

Wouter & Salome Jooste
082-374-5056 (Wyk 32)

Deon Bosch (KG 15)
082-568-2164

Christelle du Plessis (Wyk 2)
083-407-8627

Johan Reynecke (Wyk 18)
083-703-9158

Botes Botha (Wyk 25)
076-993-5339

Joggie & Rina Müller
(Christoff, Carolien & Annien)
082-807-1943 (Wyk 12)

Pierre Venter (Wyk 15)
071-895-4587

Wil jy ook by ons gemeente inskakel?
Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....
Telefoonnommer: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

Meelewing

In die begin van Desember is **Ben Strydom** oorlede. Ons dankbaar vir die manier hoe hy bydraes gelewer het in ons gemeente. Ons dink ook aan **Eunice** (018-294-5411) in **Elise** in hierdie tyd.

Jooste Henning (082-462-9789) het 'n hakskeenoperasie ondergaan. Ons is bly dit het goed verloop

Tannie Ina van der Walt is weer in Eikelaan se versorgingseenheid nadat sy 'n draai in die hospitaal gemaak het

Ons dink aan **Lou** en **Hettie van Wyk** waar Lou (084-520-1086) die week met 'n lang chemobehandeling begin. Mag die Here vir julle krag en gesondheid in hierdie tyd gee.

Ons is dankbaar vir die Here se beskermende hand oor **Rina van Wyk** (082-415-9805) wat ongedeerd uit 'n potensieel ernstige ongeluk gekom het.

Ilze du Plooy (072-954-5653) en Hein Venter het onlangs verloof geraak. Baie geluk!

Piet van Maarleveld se vrou, Ina (018-294-7419), het 'n knie-operasie ondergaan rondom Kersfees. Dit gaan effens beter, maar die probleem is nog nie opgelos nie.

Marie de Klerk (082-442-0018) se moeder is onlangs oorlede. Ons dink aan julle in hierdie tyd.

Deon en **Chantelle (Tredoux) Bosch** (082-838-5498) is vroeg die jaar getroud. Baie geluk! Mag die nuwe fase in jul lewens vol seën wees.

Ons is bly dat **Elsimarie Williams** (082-491-1745) en **Mari Mostert** (083-273-5587) herstel na hul onderskeie operasies.

Jaap Verhoef (018-294-6502) ondergaan Maandag 'n operasie. Ons wens hom baie sterkte toe.